# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 — DELMAS

1986-06-27

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN
ASSESSORE: MNR. W.F. KRüGEL
PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 116

(Bladsye 5 793 - 5 804)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF HERVAT OP 27 JUNIE 1986.

STEPHANUS MULLER, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Mnr. Muller, nadat die raadslede almal bedank het, wie het die funksies van die Raad oorgeneem? -- Die funksies is deur die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning oorgedra aan die Ontwikkelingsraad en hulle verrig nou die administrasie en die funksies van die vorige gemeenskapsraad.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Kan u net herhaal? U praat 'n bietjie sag. Die funksies van die gemeenskapsraad is vir 'n tydperk oorgedra aan die Ontwikkelingsraad deur die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning en dié Raad verrig nou daárdie funksies en die administrasie van die dorp.

MNR. HANEKOM : Bestaan daar tans geen gemeenskapsraad nie? -- Daar is geen gemeenskapsraad nie.

MR TIP : My Lord, despite our best efforts to try to get instructions in order to deal with this witness's evidence now, we have not been successful in view of the difficulties arising from the state of emergency. Various difficulties would arise in our respectful submission if a partial cross-examination would be undertaken now and in those circumstances would Your Lordship be pleased to allow the witness to stand down.

MNR. HANEKOM : Ek kan nie die aansoek opponeer nie en ek kan die probleme sien waarin die verdediging verkeer.

COURT : The State is requested to inform the defence of the type of other evidence that will be led after the adjournment. We are going into an adjournment in any event and solely for that reason I grant an indulgence in this respect. Mnr. Muller, u sal ongelukkig dan moet afstaan tot na die reses. Weens die noodtoestand is die situasie so dat die verdediging

... / hulle

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

hulle glad nie kon voorberei het op u getuienis nie. Dit sal van u vereis word om op 30 Julie, wanneer die saak hervat, hier by die hof teenwoordig te wees. U word dan verskoon tot 09h00 op 30 Julie 1986. -- Gaaf.

GETUIE STAAN AF.

MR TIP : My Lord, may I just mention that there has been discussion between myself and the Learned Counsel for the State with a view to using the recess inter alia for the purpose of discussing the further evidence to be led in respect of these various areas.

COURT : And also if there is further documentary evidence where viva voce proof can be excluded, that should be done.

- - - - - - - - - -

MNR. FICK : U Edele, hierdie getuie wat die Staat roep sal getuig oor paragraaf 38 van die akte. Dit is op bladsy 167. Ander dokumentasie waaroor die getuie sal getuig is die erkennings AAS(7) bladsye 4 en 9 en die res van die getuienis wat verband hou met hierdie getuienis is te vinde in bladsye 4 631 tot 4 635 volume 95 van die notule.

HOF : Het dit te doen met die bewys van die video?

MNR. FICK : Dit is korrek. Die getuie se naam is Mfhnafuthi Wycliff Simelane.

MFHNAFUTHI WYCLIFF SIMELANE, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. FICK : U Edele, ek wil net op hierdie stadium ŉ versoek rig ingevolge artikel 86 vir ŉ wysiging van die klagstaat. My Geleerde Vriend het aangetoon hy het geen beswaar nie. Daar het ŉ tikfout ingesluip in die akte van beskuldiging. Dit is op bladsy 167. Die datum word daar aangegee as 28 Februarie. Die 28 is verkeerd. Dit moet wees 8 Februarie 1984.

HOF : Dit is paragraaf 38 op bladsy 167 van die akte van beskuldiging met die sin "Op 28 Februarie 1984 was daar ŉ

... / massa

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

massa saamtrek."

MNR. FICK : Dit is korrek.

HOF : En u wil die 28 verander na 8?

MNR. FICK : Dit is korrek.

HOF : Is daar enige beswaar, mnr. Tip?

MNR. TIP : Daar is geen beswaar nie.

HOF : Die wysiging word toegestaan. Die datum 28 Februarie 1984 paragraaf 3 van die akte van beskuldiging word verander na 8 Februarie 1984.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n student-konstabel tans van die Suid-Afrikaanse polisiekollege te Hammanskraal? -- Ja.

Op 8 Februarie 1984 om ongeveer 19h30 het u 'n vergadering bygewoon? -- Ja.

Kan u vir die Hof sê waar het u hierdie vergadering bygewoon? -- Dit was 'n vergadering van die Transvaal Indian Congress gehou te Lenasia Civic Centre.

Te Lenasia? -- Ja, te Lenasia.

Hoe het u te hore gekom van die vergadering dat u dit bygewoon het? -- Daar was pamflette versprei en ek het ook van my vriende verneem dat daar so 'n vergadering gehou sal word.

Kan u aan die Hof eerstens die saal beskryf waar u die vergadering bygewoon het? Hoe lyk die saal? -- Die saal is amper soos 'n teater, soos by 'n bioskoop se saal. Daar is een groot ingang. As jy binnegekom het vanaf hierdie hoofingang kan jy kies of jy aan die linkerkant of aan die regterkant van die sitplekke gaan beweeg.

Is daar dan twee deure wat 'n mens moet gebruik om by die saal in te kom? -- Na jy binnegekom het, kan jy òf links òf regs gaan. Daar is nie twee deur binne-in nie.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Daar is nie 'n middelpaadjie nie. Daar is twee paadjies aan die kant? -- Ja.

MNR. FICK : Het die saal binne-in 'n verhoog gehad? -- Ja, daar is 'n verhoog.

Is daar enige gordyne of is daar nie sulke goed nie? -- Daar is gordyne.

Waar is die gordyne? -- Op die verhoog.

Toe u by die saal ingekom het, wat was aan die gang in die saal?-- Toe ek die ingang binnegegaan het, was daar tafels gewees. Ek kan net nie onthou hoeveel van hulle was daar gewees nie, maar dit was net by die ingang binne-in die saal.

Was daar iets by die tafels of op die tafels? -- Op die tafels, op een of twee van hulle, was daar pamflette gewees. Ek kan nie alles onthou presies waaroor die pamflette was nie. Ek onthou van 'n spesifieke een wat 'n mens daar gevat het met die verbygaan. Dit was die Freedom Charter.

Is daar enigiets te koop aangebied by die saal, by die vergadering? -- Geel skipperhemde, dit is T-hemde, waarop voor geskryf was "UDF Unites, Apartheid Divides." Dit het hulle verkoop vir R5,00 stuk.

U Edele, ek wil dit nie inhandig nie. Ek wil dit net aan die getuie toon en verneem of hy dit kan identifiseer. Is dit soortgelyk aan hierdie T-hemp wat ek aan u toon? -- Ja, dit is soortgelyk aan daardie een.

Op hom voor staan, vir rekorddoeleindes bo in rooi "UDF Unites" met 'n ronde sirkel met 'n kaart van Suid-Afrika met 'n groep mense wat loop met 'n swart soort van banier waarop staan UDF en dan onder staan "Apartheid divides."

HOF : In swart letters.

MNR. FICK : In swart letters. Ek toon u ook die agterkant waarop staan "UDF Unites" in swart en in rooi "Apartheid

... / Divides

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Divides". Het u so 'n hemp self gekoop? -- Ja, ek het.

Toe u die saal binnegegaan het, was daar al mense wat daar gesit het in die gehoor? -- Ja, daar was.

Kan u vir die Hof sê, was daar enige baniere of plakkate in die saal wat u opgemerk het? -- Ja, daar was.

Kan u aan die Hof beskryf waar die baniere was? -- Daar was aan die kante van die saal en dan heel voor by die verhoog was daar een gewees wat gelees het "Make your signature against apartheid."

Het hierdie banier wat u nou beskryf het aangedui deur wie hy uitgegee is of gedruk is of gemaak is? -- Ek sal dit nie kan onthou nie.

Was daar enige persone op die verhoog toe u daar ingekom het? -- Ja, met my aankoms daar was daar alreeds persone gewees.

Kan u vir die Hof sê wie hulle was? -- Wat ek nog kan onthou is Mewa Ramgobin, Popo Molefe, Terror Lekota en Ram Salojee.

Was daar nog ander mense op die verhoog wat u nie kan onthou nie? -- Ja, daar was nog ander mense wat ek nie kan onthou nie.

Die vergadering, het hy 'n voorsitter gehad? -- Ja.

Weet u wie dit was? -- Essop Jassat.

Kan u die sprekers onthou wat daar was? -- Van hulle, ja, nie almal nie.

Watter sprekers kan u onthou? -- Ram Salojee, Mewa Ramgobin, en Terror Lekota.

Was daar enige ander onbekende spreker wat u kan onthou, 'n spesifieke persoon maar u weet nie wat sy naam is nie? -- Ja, daar was 'n Indiër wat 'n soort van "stage play" gemaak het daar.

Waaroor het hierdie optrede van die Indiërman gegaan? Het

... / dit

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

dit oor iets spesifiek gehandel? -- Dit was iets wat 'n grap gemaak het oor P.W. Botha en die nuwe konstitusie.

Was daar enige liedere gesing? -- Ja, daar was liedere gewees wat daar gesing was.

Kan u enige van hulle onthou? -- Ja. "Mandela Somlandela" is een van hulle.

Is daar nog ander liedere wat u kan onthou? -- Die ander was die slagspreuke oor Oliver Thambo en die ander was Amandla Ngawethu.

Die gehoor self, het u enigiets opgemerk met betrekking tot van hulle se kleredrag? -- Van hulle was gekleed in geel T-hemde van die UDF, soortgelyk aan daardie een wat u getoon het.

Kan u vir die Hof sê wat was die hooftema van die vergadering? Waaroor het die mense dit gehad op die vergadering, die sprekers? -- "Reject to new constitution and the tricameral parliament."

Het u gesien terwyl die vergadering aan die gang was of daar enige kameras is en dat opnames gemaak was van die vergadering? -- Ja, daar was persone wat foto's geneem het.

Is dit gewone kameras of is dit spesiale kameras, rolprentkameras, videokameras ? -- Nee, dit sal ek nie weet nie.

Waar in die saal het u gesit? -- Ek het heel agter gesit.

Ek gaan nou met verlof van die Hof vra dat hier 'n video-opname vertoon word. As u enigiets op die skerm voor u sien wat u kan uitken as wat op hierdie vergadering waaroor u getuig het gebeur het, moet u asseblief onmiddellik vir die tolk aandui dat die videomasjien gestop word en dan moet u asseblief vir die Hof sê wat dit is wat u sien en wat u uitken. Verstaan u dit? -- Ja, ek verstaan dit.

Ek vra dat <u>BEWYSSTUK 9</u> wat in besit van die griffier is

... / vertoon

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

vertoon word.

HOF : Mag ek net verneem op watter tipe masjien ons hom vertoon? Op 'n JVC masjien model HR/D 120 ES en werk die masjien ook soos by die vorige geleenthede dat daar 'n nommer is wat aandui hoe ver die video gevorder het?

MNR. FICK : Dit is korrek.

HOF : En begin ons by 0?

MNR. FICK : Dit is korrek.

HOF : En die transkripsie is dit V(9)?

MNR. FICK : V(9).

VIDEO WORD VERTOON.

HOF : Stop. Daar is een beeld wat nie vertoon nie. Sal u net daarna kyk, asseblief. Terwyl daar 'n onderbreking is vir die werktuigkundige, wil ek net op rekord plaas dat waar op die transkripsie V(9) op bladsy 2 aangetoon word onder dr. Jassat "Video interruption" die tweede keer - die eerste woorde daar is "This man", dit wil so is dat daar 'n"video interruption is, maar die klank gaan voort en die klank is blykbaar nie getranskribeer nie.

MNR. FICK : Ek sal in die reses na die ding kyk en vir mnr. Tip 'n afskrif gee, dan kan ons by ooreenstemming 'n gewysigde een inhandig.

VERTONING VAN VIDEO GAAN VOORT.

HOF : 43. Is die beeld maar so swak? (Werktuigkundige antwoord bevestigend) Dit is nou Essop Jassat die voorsitter.

96. Ek wil net op rekord plaas dat die tweede paragraaf op bladsy 2 van die transkripsie is glad nie 'n behoorlike weergawe van die klank wat 'n mens hoor nie. Daar is groot dele uitgelaat wat duidelik hoorbaar is en dit moet oorgedoen word.

MNR. FICK : Ek het intussen vasgestel dat ons het nooit oorspronklike gehad nie. Hy was in die Natalse saak gewees.

... / Ons

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ons het net 'n afskrif gekry en die afskrif is baie swakker as die oorspronklike.

HOF : Hierdie is heeltemal duidelik om te hoor terwyl die beeld baie swak is.

MNR. FICK : Dit is so.

HOF : Mnr. die werktuigkundige, is dit by u ook so dat die beeld net eenvoudig rol, dat daar nie 'n behoorlike beeld is nie?

WERKTUIGKUNDIGE : Dit is korrek.

HOF : So, dit is op almal so?

WERKTUIGKUNDIGE : Dit is op almal so.

HOF : 246. -- Dit is die verhoog wat ek van gepraat het, met die gordyne wat 'n mens daarop kan sien.

Stop. Daar is 'n probleem met die beeld.

MR TIP : My Lord, once the video is stopped, I might just record that we do not propose to make any comments in relation to this particular video. Clearly the picture is of a poor quality. If anything arises after we had seen the other tape the State has, we will record that.

COURT : This is the better of the two tapes. The other one is poorer. So, you can make any comments you like as we go along, except telling me that it is a poor tape.

MR TIP : Generally then I think one ought to record that with very few exceptional seconds here and there it has been imposisible to correlate the picture with the sound, that there really has been in effect no discernable image.

COURT : Well, it is not nothing but there is not much.

593. -- Dit is een van die baniere wat daar was.

Dit word op rekord geplaas dat hy baie onduidelik is.

MR TIP : I can make out that it reads "Make your mark against apartheid."I think I saw a yellow colour at one stage.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : 642. -- Dit is die slagspreuk wat ek van gepraat het Amandla Ngawethu.

660. -- Die spreker daar is nou Terror waarvan ek gepraat het.

Moet ons deur hierdie hele ding sit, mnr. Fick? Die getuie het nou hierdie spreker geïdentifiseer. Kan hy nie maar die volgende spreker identifiseer nie. Julle kan ooreenkom dat dit 'n korrekte transkripsie is van wat daar gesê is, ek kan nie sien waarom ons hierdie swak beeld moet aangluur nie en wat meer is, daar was gedeeltes waar die spreker se woorde en sy beeld wel ooreengestem het.

MNR. FICK : Ek sal vra dat hy gespeel word tot by die volgende spreker vinnig.

HOF : 1051. Ek wil op rekord plaas dat die beeld uiters swak is. Dat die dele wat ons nou aangehoor het redelik goed hoorbaar is en dat dit wil voorkom asof die klank nie veel onderbrekings in het nie.

1073. Daar is 'n groot gedeelte uitgelaat op bladsy 9 van die transkripsie teenoor die woorde "Dr. E.E. Yassat", waar die klank duidelik hoorbaar is, maar waar die beeld heeltemal weg is.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Beskuldigde nr. 21 se naam is genoem.

HOF : By 1073 is die naam Popo Molefe genoem wat nie getik is nie.

MNR. KRÜGEL : En Mos Chikane.

HOF : Dit het ek nie gehoor nie. Speel dit oor.

MNR. KRÜGEL : Dit is nie op die transkripsie nie.

HOF : Dit is swak getik. 1077. Die naam van beskuldigde nr. 21 word genoem. Mnr. Fick, u kan nie die ding op hierdie manier aanbied nie. Die klank kan nie gekontroleur word deur ons op die transkripsie nie. Die beeld is totaal

... / niksseggend

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

niksseggend. Indien daar wel êrens prentjies is wat u wil identifiseer moet u die operateur vra om die ding daarnatoe aan te skuif, maar verder is die ding vir ons van geen nut nie.

MNR. FICK : Ek besef dit. Ek het ongelukkig dit nie voor die tyd gesien nie.

HOF : Gaan voort tot u by 'n beeld kom.

2107. -- Dit is die Indiërman wat ek van gepraat het wat 'n skets gemaak het daar.

Ons is nou by bladsy 10. 2110. Laat hom speel, dat ons kyk of ons miskien van die Indiërdames kry.

Herken u die mense wat daar by die tafel sit? 2147. -- Ja, ek herken vir Terror. Die ander kan ek nie so goed sien nie.

2150. -- Popo Molefe.

2217. Dit is aan die einde van die toespraak van die derde "Indian female" op bladsy 11 waar heelwat duidelik hoorbaar is wat glad nie op die transkripsie is nie. U sal die hele transkripsie moet oordoen, mnr. Fick, nie net 'n stukkie nie. Kan u hom aanstoot totdat ons 'n behoorlike beeld van iemand kry? 2236. Ken die getuie die persoon? -- Ek sien nie die persoon so goed nie, maar dit lyk vir my dit is Ram Salojee. Ek is nie seker nie.

2513. Dit is die einde van die toespraak op bladsy 16 van Prema Naidoo.

2579. -- Dit is nou Mewa Ramgobin.

Dit is die aanvang van sy toespraak op bladsy 17 van die transkripsie.

K367.07 3011. Tot hier het dit redelik gegaan met die beeld van die toespraak van M. Ramgobin. Nou word die beeld sleg. Speel hom deur tot u 'n goeie beeld kry. 3021. 3075.

GETUIE STAAN AF.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MFHNAFUTHI WYCLIFF SIMELANE, nog onder eed

HOF : Gaan voort. 3261 is die einde van die toespraak van Mewa Ramgobin. Die toespraak was duidelik hoorbaar. Die beeld was sigbaar hoewel 'n bietjie huiwerig met tye. Hierdie persoon wat hier praat, wat hier op bladsy 28 van die transkripsie aangedui word as Ram Salojee is aan die begin aangedui as Jassat. Op bladsy 11 staan dr. Jassat. Die getuie was daarna gevra, dit was by 2217, hy het gesê dit lyk vir hom soos Salojee. Op bladsy 28 word dit aangedui as Salojee. Mnr. Fick, u sal in elk geval moet oplet dat dit dieselfde persoon is. Dit is òf Salojee òf Jassat. Die getuie het gesê hy dink dit is Ram Salojee.

MR TIP : Perhaps I might try to clarify this. We are not disputing the presence of these persons at all. It seems that the first person whom the witness thought was Ram Salojee was in fact Dr Jassat. That is at the reference 2236 I have it marked at.

COURT : It is just before that. It is 2217 and then Jassat comes on, but he is also speaking at 2236. That is correct. You say that is Jassat?

MR TIP : We say that is Jassat.

COURT : It seems to be the same person as the person speaking now?

MR TIP : I am advised that they look very similar but that this is in fact Ram Salojee.

HOF : 3303. Die beeld is uiters swak vanaf 3261 en u moet hom asseblief aanstoot tot u 'n goeie beeld het en dan stop en my sê wat die nommer is. (Einde van band) Dit word dan op rekord geplaas dat die beeld swak is vanaf 3261 tot die einde van die band en met swak word bedoel so swak dat 'n mens

... / byna

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

byna niks kan uitmaak nie en die einde van die band is 3362.

MNR. FICK : Kan ek dan net laastens by u verneem. U het reeds oor die baie min beelde wat sigbaar is getuienis gegee. Die toesprake wat hier op die video's gegee is, kon u dit volg?

Ja, ek kon dit volg.

Is dit 'n betroubare weergawe van wat op die vergadering gebeur het, die toesprake wat u hier op die video gehoor het? -- Ja.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE. (10)

HOF VERDAAG TOT 30 JULIE 1986.

- - - - - - - - - -

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017